12 September **Skrifgedeelte: Spreuke 25:1-26:12**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:32b

Kinders van Hom wat wink

God *wink* mense na Hom toe (Spr 1:24) en gee hulle ware wysheid. Wie na God luister is *kinders van Hom wat wink*; kinders met kennis en wysheid; met koers en rigting. Teenoor hulle is die mense wat nie na God luister nie; mense wat God se stem ignoreer en sy winkende hand wegklap (Spr 1:24). Wie aan God en sy Woord gehoorsaam is, lewe sonder sorge (Lev 25:18-19) en ontvang baie seëninge (Lev 26:3-6). Ondergang in onheil en oordeel is die voorland van die mens wat in moedswillige sonde volhard (Spr 3:25). Die mens wat na God luister, geniet voorspoed en veiligheid (Ps 25:12-13; Jes 32:17-19). Dit beteken nie dat onheil, rampe, ellende, ongeluk en swaarkry nie oor die gelowige kom nie. Natuurlik nie! Maar die ware gelowige hoef nie die rampe te vrees nie (Ps 91:5; Ps 112:7). Dit kan dalk nog kom, maar God sal sy kinders in die rampe vashou. God het Noag dwarsdeur die oordeel van die sondvloed in die ark beskut (Gen 7). God het Dawid in gevare beskerm (Ps 31; 1 Sam 30:6). God het Petrus gehelp in die storm op die see (Matt 14). God hou sy hand oor Paulus in die skeepsramp (Hand 28). Wanneer die eindoordeel losbars, sal die sondaars in angs skreeu om bedekking (Luk 21:25; Op 6:16-18). Dan sal diegene wat God se winkende hand gevolg het, niks hoef te vrees nie. Die gelowiges sal deur Christus nooit in die gerig van God kom nie (1 Kor 11:31).

Sing: Psalm 32:4 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)